

hoe kan ons jou help?

kies die regte
finansiële oplossings
vir jou boerdery.



First National Bank – 'n afdeling van FirstRand Bank Beperk.
'n Gemagtigde Verskaffer van Finansiële Dienste en Krediet (NCRCP20).

FNB
First National Bank

Inhoud

- 1 Hoekom juis FNB?
- 2 Finansieringsoplossings
- 3 Maak en ontvang betalings met gemak
- 4 Maklike maniere om te bank
- 5 Pasgemaakte oplossings
- 6 Laat jou surplus-kontant harder werk vir jou
- 7 Verseker jou besigheid teen risiko
- 8 Kontak ons

1 HOEKOM JUIS FNB?

By FNB glo ons dat 'n
Verhoudingsbestuurder sy
moue moet oprol en jou
landboubesigheid leer ken. Juis
daarom word ons so hoog geag
deur ons land se boere.

**By First National Bank (FNB) het ons begrip vir die belangrike rol wat
jy in die gemeenskap speel en waardeer ons jou bydrae tot die
Suid-Afrikaanse ekonomie.**

Ons verstaan ook die uitdagings en verantwoordelikhede wat jy, as 'n
sake-eienaar, elke dag in die gesig staar. Daarom bied ons al die finansiële
oplossings wat jy nodig het om jou boerdery 'n sukses te maak en te
help groei.

Ons innoverende finansiële oplossings is spesiaal ontwerp om in jou
unieke boerdery-behoefte te voorsien. Die ondersteuning van ons span
kundige landboubestuurders kan jou ook help om besluite te neem.

Jy hoef ook nie jou kop te breek oor die wisselvallige ekonomie nie;
FNB se buigsame lenings bied rotsvaste oplossings. Verder het ons ook
produkte om jou te help met die produksie, bemaking en ander risiko's
wat met jou boerdery gepaardgaan.

VRIJZICHT WINE ESTATE

Danie & Helga de Villiers

Supported by Fanie Du Toit



2 FINANSIERINGS- OPLOSSINGS

Ons finansieringsoplossings help jou om seepglad te kan boer en die beste van jou geleenthede te kan maak. Jou Verhoudingsbestuurder kan jou spesifieke behoeftes ontleed en 'n pasgemaakte oplossing vir jou boerdery bied. Jy sal 'n mededingende koers ontvang, 'n keuse van buigsame terugbetaalopsies kry, en jou aansoek sal oorweeg word aan die hand van 'n deursigtige proses.

Ons finansieringsoplossings sluit in:

FNB Finansiering vir seisoenale produksie-insette en dag-tot-dag uitgawes

'n Wisselende oortrekkingsfasiliteit is die ideale produk vir hierdie doeleinde. Dit verskil van 'n lening omdat dit op aanvraag terugbetaalbaar is. Jou oortrekkingsfasiliteit is gekoppel aan jou boerdery se transaksierekening en word jaarliks hersien. Debietsaldo's word gewoonlik na afloop van die produksie-seisoen afgelos.

FNB Finansiering vir meerjarige gewasse, vee en infrastruktuur

Hierdie produk is perfek indien die lening binne vyf jaar terugbetaal kan word. Dit is geskik vir die finansiering van jaarlikse produksie-inset kostes, die aankoop van vee, insluitend wild, en vir kapitaalverbeteringe op die plaas. Die doel van die lening en die boerderyvertakking, tesame met die produktiewe lewensduur van verbeterings en die terugbetalingsvermoë van die sakeonderneming sal die maksimum leningsbedrag en die terugbetalingstermyn bepaal.



FNB Finansiering vir produksie-projekte en om kapasiteit te verhoog

Hierdie leningsproduk word gewoonlik gebruik om uitbreidings- en vestigingsprojekte te finansier met die doel om produksiekapasiteit te verhoog. Dit is die ideale oplossing om boorde, wingerde of plantasies te vestig of uit te brei, of die daarstel van infrastruktuur soos byvoorbeeld die fasiliteite benodig met suiwel- of pluimvee-boerdery. Dit is perfek vir gevestigde boere met 'n bewese agtergrond. Die aard van die bedryfsvertakking en die ekonomiese lewensduur daarvan sal die terugbetalingstermyn, wat gewoonlik tussen vyf tot 10 jaar strek, bepaal. Terugbetaling van kapitaal kan, indien nodig, vir 'n beperkte tydperk aan die begin van die terugbetalingstermyn opgeskort word.

FNB Finansiering vir die aankoop van plaasgrond en vir kapitaal-verbeteringe

Hierdie verbandlening kan gebruik word vir die aankoop van plaasgrond en om kapitaal-verbeteringe aan te bring (bv. geboue, damme en omheininge). Die grootte van die lening word bepaal deur die markwaarde van die eiendom wat as sekuriteit dien, die skuldvas van die eenheid en die mate waartoe die tipe onderneming in staat is om die lening terug te betaal. Die leningstermyn is gewoonlik beperk tot 15 jaar.

FNB Kommersiële-kredietkaart vir landboubesighede

'n FNB Kommersiële-kredietkaart gee jou toegang tot buigsame lae-koste krediet. Dié kaart maak dit ook maklik om jou uitgawes te bestuur.

Finansiering vir die aankoop van roerende bates

WesBank, 'n afdeling van FirstRand Bank Bpk. en vennoot van FNB, spesialiseer in die finansiering van voertuie, masjinerie en installasie-/aanlegtebates.



3 MAAK EN ONTVANG BETALINGS MET GEMAK

Hierdie oplossings laat jou toe om plaaslike en internasionale betalings met gemak te maak, te volg en te ontvang.

FNB Landbou-tjekrekening

Die FNB Landbou-tjekrekening laat jou toe om vir daaglikse uitgawes te betaal. Jy kan 'n Visa tjekkaart, Visa elektron debietkaart of 'n Besigheid Petro-kaart aan dié rekening koppel. As jy verskillende produksie-eenhede besit, kan jy meer as een rekening oopmaak.

Betalings- en Invorderingsoplossing (PACS)

Hierdie stelsel is ontwerp vir hoë transaksie volumes en jy kan jou debiteure en krediteure se bankbesonderhede nagaan voor jy enige transaksies aangaan.

ATM Advance

Ons nuwe OTM's bied jou 'n gerieflike manier om kontant en tjekdeposito's buite gewone bank-ure te maak. Kontantdeposito's is onmiddellik beskikbaar, terwyl alle tjekdeposito's aan klaring onderhewig is.

FNB Forex Dienste

FNB Forex Dienste is nommerpas vir kliënte wat gereeld betalings en invoer-/uitvoertransaksies oor landgrense maak. Toegang tot hierdie diens is deur middel van 'n gebruikersvriendelike web-gebaseerde stelsel wat jou op hoogte hou van wisselkoerse, soos dit verander. Dit maak dit maklik om geld te verwissel en om jou aanlynbetalings te prosesseer. Maak nie saak hoe groot of hoe klein jou besigheid is nie, ons het 'n Forex handel- en betalingstelsel wat jou sal toelaat om jou risiko's rakende buitelandse valuta te bestuur.



FNB Top up en Withdraw met PayPal

FNB het 'n eksklusiewe samewerkingsooreenkoms met PayPal, 'n wêreldwye fasiliteerder van aanlynbetalings. PayPal bied aan jou 'n veilige en gemaklike manier om betalings oor landgrense te maak sonder om jou kredietkaart- of bankrekening-besonderhede bekend te maak.

eWallet Pro

eWallet Pro is ideaal vir kliënte wat gewoonlik eenmalige kontant- of tjekuitbetalings maak aan werkers wat nie oor bankrekeninge beskik nie. Dit bied elektroniese oplossings vir die maak van betalings en verminder die risiko van diefstal, bedrog en kontanthantering. FNB se Online Banking Enterprise™ gee ook aan kliënte die vermoë om 'n Wallet-houer oop te maak. Wallet-houers het onmiddellike toegang tot hul eWallets en kan fondse by enige FNB OTM trek.

Instant Accounting

Hierdie unieke, **GRATIS** aanlyn rekeningkundige-oplossing gebruik jou FNB elektroniese bankstate om finansiële state en verslae, insluitend inkomste-state, balans-state, kontantvloeï-state, en meer te genereer, en gee jou 'n kits-oorsig van jou besigheid se finansiële posisie.

Instant Payroll

Hierdie web-gebaseerde hulpmiddel neem die moeite uit betaaldag deur dit maklik en vinnig te maak om salarisstrokies te genereer en jou werknemers en derde partye te betaal. Dit verseker ook dat jy voldoen aan SARS-vereistes. Die eerste vyf salarisstrokies is **GRATIS** elke maand en jy betaal R20 per salarisstrokies daarna.



4 MAKLIKE MANIERE OM TE BANK

Ons bied jou verskeie veilige en gerieflike maniere om te bank: van jou bankbalans nagaan tot betalings maak.

Online Banking Enterprise™

Ons Online Banking Enterprise™ stel jou in staat om transaksies aan te gaan waar en wanneer jy wil – sonder om in 'n banktak se ry te staan.

Telefoonbankdienste

Jy kan al jou banksake telefonies doen, 24 uur van die dag, 365 dae van die jaar. Daar is **GEEN** intekengelde betaalbaar nie, en jy kan die selfhelp-opsie kies of direk met 'n FNB telefoon-konsultant praat.

Selfoonbankdienste

Ons selfoonbankdienste is 'n vinnige en maklike manier om jou bankbalans na te gaan, betalings te maak, geld tussen jou rekeninge oor te plaas en nog meer. Hierdie diens is 24/7 beskikbaar.

inContact-**Pro**

inContact-**Pro** is 'n **GRATIS** boodskapdiens, spesifiek ontwerp vir sakeondernemings. inContact-**Pro** stel jou in staat om al jou besigheid se finansiële transaksies te volg, hetsy deur 'n SMS of e-pos, wanneer dit plaasvind.



5 PASGEMAAKTE OPLOSSINGS

Vryemarkpryse van landbouprodukte is uiters wisselvallig. Daarom verstaan ons dat jou boerdery koste-effektiewe oplossings nodig het wat in jou boerdery se unieke behoeftes voldoen.

FNB Voor-plant kontrakte

Ons verskaf seisoenale finansiering vir produksie-insetkoste waar produksie-risiko deur versekering gedek word en die prys-risiko verskans word op die JSE. Wat hierdie oplossing nog meer uitsonderlik maak is dat *force majeure*, wat beskerming in gevalle van natuurrampe bied, hier van toepassing is. Dit is beskikbaar vir die produksie van JSE-gelyste landbouprodukte.

Graanleweringskontrakte

FNB verskaf ook graanleweringskontrakte, wat gekoppel is aan die voor-plant kontrak. Hierdie produk is beskikbaar vir JSE-gelyste landbouprodukte en is ideaal vir boere wat hul insette finansier deur kontant of oortrekkingsfasiliteite. Dit stel jou in staat om jou graan te bemark deur gebruik te maak van verskeie prysverskansingsmetodes. *Force majeure*, wat beskerming in gevalle van natuurrampe bied, is hier ook van toepassing.



Silo- en pakhuis-sertifikaatsfinansiering

FNB sal tot 65% van die waarde van die graan befonds wat in JSE SAFEX-geregistreerde silo's gestoor word.

Ekonomiese bemagtigingstrukture

FNB beskik oor 'n aantal finansieringsopsies vir die fasilitering van Swart Ekonomiese Bemagtiging, van eenvoudige vennootskappe tot komplekse maatskappy-strukture (insluitend trusts).

FNB Agricommodities

FNB Agricommodities is 'n aanlyn-handelsinligtingstelsel wat inligting vanuit 'n aantal bronne versamel. Dit laat intekenare toe om aktuele inligting rakende varspprodukte-, graan- en lewendehawemarkte te bekom.

Besoek <https://www.fnbagricomms.co.za> vir meer inligting.



6 LAAT JOU SURPLUSKONTANT HARDER WERK VIR JOU

Ons bied aan jou verskeie beleggingsoplossings wat help om jou surpluskontant ten beste te benut. Ons sal jou help om die oplossing wat die beste by jou behoeftes pas te kies.

Kry onmiddellike toegang tot jou fondse

Daggeldrekening

Die Daggeldrekening is 'n spaarproduk wat jou maklike toegang tot jou fondse gee. Hierdie spaarproduk laat jou toe om op enige stadium bykomende deposito's te maak. Dit verdien ook 'n mededingende rentekoers en alle fondse is op aanvraag beskikbaar.

Geldmark Belegger

Hierdie rekening is geskik vir beleggers wat hulle beleggings wil sien groei en steeds toegang tot hul fondse wil hê.

Geldmark Rekening

'n Geldmark Rekening laat jou toe om onbeperk transaksies aan te gaan met die bykomende voordeel om rente op jou daaglikse balans te verdien.



Kry toegang tot jou fondse na 'n kennisgewingstydperk

32 Dae Rente Plus

Met hierdie rekening kan jy toegang tot jou fondse kry na kennisgewing van 32 dae. Indien jy jou geld vir langer as 32 dae belê, kan jy twee verhogings in rentekoers verdien: een na 32 dae en nog een na 64 dae.

7 Dag Kennisgewing Rekening

Hierdie rekening is ontwerp om korttermyn beleggers groot opbrengs op hul belegging te gee. Jy verdien twee verhogings in rentekoers: een na 32 dae en nog een na 64 dae.

Kry toegang tot 'n gedeelte van jou fondse

Flexi Fixed Deposit Rekening

Indien jy op soek is na buigsaamheid, is hierdie rekening vir jou. Jy kan geld in die rekening belê en addisionele inbetalings gedurende die beleggingstermyn van drie of 12 maande maak, en toegang tot 30% van jou geld kry in 'n noodgeval.

GEEN toegang tot jou fondse tot uitkeerderdatum

Vaste Deposito

Hierdie rekening stel jou in staat om 'n enkele bedrag geld teen 'n vaste rentekoers vir 'n vaste termyn te belê, sodat jy presies weet hoeveel jy sal hê wanneer jou belegging uitkeer.

7 VERSEKER JOU BESIGHEID TEEN RISIKO



FNB weet dat dit tyd, harde werk en baie geld kos om 'n plaas te ontwikkel. Daarom glo ons dat dit die moeite werd is om jou belegging teen die onverwagte te beskerm.

Met FNB Versekeringsmakelaars kan jy verseker wees dat hul namens jou sal optree om die beste dekking te verseker. Ons unieke oplossing is spesifiek gestruktureer vir die uitdagings wat boere in die gesig staar. Dekking kan uitgebrei word om besproeiingstoerusting, bande van landbou-voertuie, Aanspreeklikheid vir Indiensnemingspraktyke en Openbare Aanspreeklikheid (met dekking vir landbou-toerisme en gastehuse op jou plaas) in te sluit. Dekking vir jou persoonlike versekeringsbehoefte is ook in jou polis ingesluit, en jy kan opsionele dekking vir hekke en sekuriteitsheinings byvoeg.

Versekeringsprodukte vir gesaaides

FNB het 'n uitstekende prestasierekord as dit kom by die voorsiening van betroubare versekeringsprodukte vir gesaaides. Dit is van groot waarde omdat dit jou in staat stel om van rampe soos hael, brandskade of droogte te herstel.

Versekering vir toevallighede

Beskerm jou plaas teen verliese deur onvoorsiene gebeure wat nie deur jou besigheid se gewone versekeringspolis gedek word nie. Ons kan geskikte dekking verskaf indien jy voel dat jou besigheid ekstra beskerming nodig het.

Ons voorsien ook waarborgversekering, wat sake-ooreenkomste en kontrakte fasiliteer. Waarborge is skriftelike ondernemings deur die bank om 'n ooreengekome bedrag aan 'n derde party te betaal indien die voorwaardes van jou kontrak met daardie persoon nie nagekom kan word nie. 'n Waarborg bied dus sekuriteit en verminder risiko.



'n Ander vorm wat hierdie waarborg kan aanneem is 'n persoonlike borgstelling-ooreenkoms wat deur die besigheidseienaar geteken word. Al is hierdie 'n gewone handelstransaksie, kan dit jou persoonlike boedel aan handelsverplichtinge blootstel en veroorsaak dat jy nie vir jou gesin voldoende kan voorsien nie. Ons finansiële beplanners is opgelei om jou te help om die probleem aan te spreek met geskikte oplossings.

[Sleutelpersoonversekering](#)

Mense is noodsaaklik vir die sukses van 'n besigheid. FNB bied aan jou Sleutelpersoonversekering, wat help om die finansiële verlies aan jou boerdery te verlig sou 'n sleutelpersoon in jou besigheid doodgaan of medies ongeskik verklaar word. Ons sal ook aanbevelings maak rakende geskikte lewensversekering om jou te help om so 'n verlies te dek.

Alhoewel hierdie oplossing 'n enkel-kapitaalbedrag uitbetaal, is daar ook ander oplossings beskikbaar wat 'n maandelikse bedrag kan voorsien indien die sleutelpersoon/eienaar tydelik ongeskik verklaar word vir 'n tydperk van tot twee jaar. Dit kan jou help om sommige of alle van die gereelde bedryfsonkoste van jou boerdery te dek.



Boedelbeplanning

Dit is belangrik vir jou om te weet wat met jou plaas sal gebeur indien jy iets sou oorkom. As 'n plaaseienaar is dit van kritieke belang om 'n geskikte persoon te identifiseer wat jou besigheid kan bedryf indien jy nie in staat sou wees om dit te doen nie, en om te verseker dat geld beskikbaar sal wees om jou besigheid gedurende daardie tyd aan die gang te hou. Ons finansiële beplanners is beskikbaar om jou finansiële doelwitte met jou te bespreek en om te verseker dat jy die beste moontlike advies ontvang op die gebiede van boedelbeplanning, risikodekking, aftrede- en beleggingsbeplanning, gesondheidsorg en indiensneming-voordele.

Besigheid OUTsurance

Indien jy direkte versekering verkies, voorsien OUTsurance aan jou die geleentheid om jou bedryfsbates* deskundig en gerieflik oor die telefoon te verseker. As deel van die aanbod, sal OUTsurance:

- Dekking bied vir al jou voertuie en self-aangedrewe boerdery-implemente (bv. bakkies, vragmotors, trekkers, stropers) asook geboue en die inhoud daarvan.
- 10% van jou premies terugbetaal indien jy vir drie jaar nie geëis het nie.
- Jou voorsien met Help@OUT nood-padbystand en kantoorbystand.

**Neem kennis dat OUTsurance nie dekking bied vir gesaaides en lewende hawe nie.*

Indien jy ons wil kontak, of vir meer inligting:

- Kontak jou **Verhoudingsbestuurder**.
- Besoek jou naaste **FNB tak**.
- E-pos ons by agric@fnb.co.za of besoek www.fnb.co.za
- Skakel ons **oproepsentrum** by **0860 362 000**
 - Maandag tot Vrydag: 08h30 – 16h30
 - Saterdag: 08h00 – 11h30

Om jou aansoek vir enigeen van ons produkte en dienste te vergemaklik, maak seker dat jy die volgende inligting beskikbaar het:

- 'n Geldige RSA identiteitsdokument.
- Bewys van jou woonadres.
- Jou inkomstebelasting-verwysingsnommer.
- Jou paspoort indien jy nie 'n Suid-Afrikaanse inwoner is nie.

Vir sekere oplossings word die volgende ook benodig (ons beveel aan dat jy dit byderhand het wanneer jy aansoek doen):

- Persoonlike bankstate van die afgelope ses maande.
- State van jou bates en laste.
- Die jongste beskikbare finansiële state van jou boerdery.